

11 JUNIOR SEKONDÊRE ONDERWYS OP DIE GRONDSLAG VAN SKOOLBOERDERYE (SKOOLPLASE)

11.1 Historiese agtergrond

N. Mansvelt het alreeds in 1895 voorgestel dat 'n „... modelboerderij met daaraan verbon= den ambachtsschool ...” vir die kinders van die „buitenbevolking” opgerig moes word.¹⁾

Die idee van landbouonderwys vir plaaskinders is in 1912 deur Sir John E. Adamson ondersteun toe hy gepleit het vir die oprigting van „School Farms” as eiesoortige onderwysinrig= tings met genoeg grond, klaslokale, werkswin= kels en koshuise.²⁾

Die skoolplaasidee het in 1916 weer prominent op die voorgrond getree toe dit geblyk het dat 'n groot aantal kinders die plaasskole sonder 'n behoorlike skoolopleiding moes ver= laat, omdat die ouers nie sonder finansiële ondersteuning hulle kinders langer in die

1) Verslag van den toestand van het gesubsidieerd onderwijs in de Z.A. Republiek. Dienstjaar 1895, p.12.

2) BOT, A.K. Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal, p.107.

skool kon hou nie.³⁾ Indien die kinders nie bereid was om op die plase te bly nie, kon hulle kwalik elders ander betrekkings kry, vanweë hulle lae peil van geletterdheid. So is die geleedere van die armblankedom steeds aangevul.

Die Onderwyskommissie van 1917 het in sy verslag wat in 1920 gepubliseer is sterk op die oprigting van skoolplase aangedring.⁴⁾ J.E. Adamson het in sy laaste jaarverslag in 1923 die waarde van skoolplase beklemtoon; terselfdertyd het hy sekere aanbevelings in verband met die organisasie van hierdie onderwysinrigtings aan die hand gedoen.⁵⁾

Inspekteur J.C. Markötter het dit sterk aanbeveel dat dié plaasseuns wat wil gaan boer, landbouonderwys moes ontvang. Natuurstudieonderrig was te teoreties van aard en die beskeie pogings om skooltuine aan te lê, het misluk. Markötter het as aanvulling tot die skoolplaasgedagte voorgestel dat daar by groot sentrale plaasskole 'n twee- of driejarige kursus in Landbou ingestel moes word. Dit sou

3) T.E.D. Report, 31.12.1916, p.19.

4) Report of the Education Commission appointed 21.12.1917, p.15.

5) T.O.D. Verslag, 31.12.1923, p.23.

verseker dat plaaskinders, wat andersinds geen onderwys na die voltooiing van die vyfde standerd sou ontvang nie, nog vir 'n verdere tydperk skoolonderwys ontvang.⁶⁾

Die idee van landbouonderwys het 'n kragtige stoot ontvang met die aanstelling van C.J. Blom op 30 Januarie 1925 as Inspekteur van Landbouonderwys. Dit was sy taak om 'n driejarige landbou-georiënteerde kursus na st. V by 'n aantal sentrale plaasskole in te stel.⁷⁾ Die ouers sou hierdie beplande kursus verwelkom, dog daar moes voldoende van dié „Intermediêre” skole wees (minstens een vir elke tien laerskole) om aan die behoefte vir landbouonderwys te voorsien.⁸⁾

'n Belangrike mylpaal is in die begin van 1927 in die geskiedenis van die plattelandse onderwys bereik toe daar 'n intermediêre kursus in 'n aantal plaasskole ingestel is.⁹⁾

Bogenoemde skole het egter nie die verwagte

6) Ibid., 31.12.1924, p.63-6.

7) T.E.D. Report, 31.12.1925, p.82.

8) Ibid., p.85-6.

9) T.O.D. Verslag, 31.12.1926, p.160.

ondersteuning van die plaasmense geniet nie.¹⁰⁾
Boonop is ernstige probleme ondervind om ge=
kwalifiseerde onderwysers vir 'n aantal prak=
tiese vakke, byvoorbeeld vir Huishou-ekonomie
en Hout- en Metaalwerk, te vind. Daar was ook
'n tekort aan toerusting en akkommodasie by
die skole.¹¹⁾

Twee van die sewe Intermediêre skole wat in
1927 gestig is om landbouonderwys te verskaf
het in 1930 vergunning ontvang om die gewone
sekondêre kursus in standerds VII en VIII aan
te bied.¹²⁾ In 1931 was daar nog slegs vier
Intermediêre skole op die platteland oor wat
'n algemene kursus in landbou aangebied het.¹³⁾

Tydens 'n onderwyskonferensie in die kerkgebou
van die Gereformeerde Kerk op 5 Augustus 1933
te Rustenburg is daar onder andere besluit om
op 'n beter aanpassing van die onderwysgeriewe
by die behoeftes van die landelike bevolking
aan te dring. Daar moes gepleit word om die
spoedige oprigting van selfonderhoudende sekon=

10) Ibid., 31.12.1927, p.9.

11) Ibid., p.74.

12) Ibid., p.71.

13) Ibid., 31.12.1931, p.11.

dêre plaasskole.¹⁴⁾ Verdere belangrike vergaderings wat tot die ontwikkeling van die skoolplaasstelsel bygedra het, was onder andere dié oor landelike onderwys in Kaapstad in Februarie 1934 en die kerkkongres in Mei 1934 te Rustenburg.¹⁵⁾

Administrateur Simon Bekker het onmiddellik na sy ampsaanvaarding in Maart 1934 aandag aan die onderwystoestand op die platteland geskenk. Gedurende dieselfde jaar het die Uitvoerende Komitee beslis dat daar volledige uitvoering aan die Onderwyswet gegee moes word. Alle blanke kinders moes ook die skool besoek tot die voltooiing van die agste standerd, òf hul sestiende lewensjaar. Ten einde uitvoering aan hierdie wetsbepaling te gee, moes die plattelandse kinders na die sentrale skole gebring word, en moes daar skoolplase opgerig word wat aan die plattelandse kinders onderwys vanaf die sesde tot die agtste standerd kon verskaf.¹⁶⁾

11.2 Oprigting en beheer van skoolplase

Gedurende 1935 is die skoolplase op die volgen=

14) FERREIRA, R.S. Die Transvaalse skoolplaasstelsel. Die Huisgenoot, 25.7.1941, p.29; 67.

15) Ibid., p.67.

16) Loc. cit.

de plekke opgerig: Happy Rest in die Soutpans=bergse distrik; Merensky en Sandrivier in die Pietersburgse distrik; Bekker tussen Krugers=dorp en Rustenburg en Sannieshof naby Lichten=burg.¹⁷⁾

Uitsoekplase is vir die oprigting van skool=plase aangekoop. Happy Rest het oor ongeveer 1 200 hektaar grond beskik, en ongeveer 700 hektaar grond is in een van die vrugbaarste en waterrykste dele van Transvaal vir R22 000,00 aangekoop vir die oprigting van die skoolplaas te Merensky.¹⁸⁾

Die hoofde van skoolplase was vry om na eie oordeel geskikte leerstof vir hulle onderskeie skole te kies. Dit is aan die skoolinspekteurs opgedra om die Onderwysdepartement voortdurend op hoogte te hou met die werksaamhede op die skoolplase.¹⁹⁾

Die skoolplase is onder die onmiddellike beheer van die Onderwysdepartement (in plaas van die skoolrade) geplaas. Sodoende sou die skool=plase vryer wees om 'n nuwe rigting in die

17) T.O.D. Verslag, 31.12.1935, p.17.

18) DE JAGER, C.J. Landelike onderwys en die skoolplaasstelsel, p.13-4.

19) T.O.D. Verslag, 31.12.1935, p.17.

Transvaalse onderwysstelsel te ontwikkel.²⁰⁾
Vir elke skoolplaas is 'n Adviserende Komitee benoem wat bestaan het uit die betrokke kring=inspekteur (voorsitter), 'n lid van die skool=raad, en een of meer lede van die skoolgemeen=skap wat deur die Administrateur benoem is.²¹⁾

Die Amsterdamse skoolplaas, geleë tussen Ermelo en Piet Retief, is in 1936 voltooi.²²⁾
Op 1 Junie 1937 was daar in die ses Transvaalse skoolplase gesamentlik 766 kinders wat primêre en 421 leerlinge wat sekondêre onderwys ontvang het.²³⁾ Gedurende die tweede helfte van 1937 is die Paul Kruger-skoolplaas in die Rusten=burgse distrik, en die Klipdriftse skoolplaas in die Potchefstroomse distrik geopen.²⁴⁾

Teen die einde van 1938 het Transvaal reeds R506 000,00 aan die oprigting van skoolplase bestee. Na verwagting sou 'n verdere bedrag van R800 000,00 nodig wees om die beoogde pro=gram van twaalf skoolplase te voltooi.²⁵⁾

20) Ibid., p.17-8.

21) Ibid., p.18.

22) Ibid., 31.12.1936, p.12.

23) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p.73, par. 228.

24) T.O.D. Verslag, 31.12.1937, p.12.

25) Ibid., 31.12.1938, p.29.

In 1940 het die Lord Milner-skoolplaas te Settlers geopen,²⁶⁾ en die tiende (en ook die laaste) in Januarie 1946 te Lagersdrift.²⁷⁾ Op 6 Junie 1950 het 2 720 kinders by die tien skoolplase onderwys ontvang.²⁸⁾

Die bevinding van die Lynch-kommissie in 1949 dat skoolplase nie aan hulle doel beantwoord nie, en hul aanbeveling dat dit afgeskaf behoort te word,²⁹⁾ was die begin van die einde van die skoolplaasstelsel. 'n Ad hoc-komitee is in 1951 benoem om die skoolplaasstelsel te evalueer.³⁰⁾

Op aanbeveling van bogenoemde ad hoc-komitee het die Uitvoerende Komitee in 1951 besluit dat die Paul Kruger-skoolplaas sy boerderybedrywighede moes inkort, en dit omskep moes word in 'n groep II-skool.³¹⁾ Die Merensky-skoolplaas is in 'n gewone hoërskool verander, nadat die leerlinge benede die sesde standaard in gewone laerskole geplaas is.³²⁾ Die skool=

26) Ibid., 31.12.1940, p.209.

27) Ibid., 31.12.1949, p.86.

28) Ibid., 31.12.1950, p.45.

29) Ibid., 31.12.1955, p.13.

30) Ibid., 31.12.1951, p.8.

31) Ibid., p.101.

32) Ibid., p.110.

plaas en laerskool te Lagersdrift het geamalgameer.³³⁾

In 1952 het die Skoolplaas Happy Rest opgehou om te bestaan,³⁴⁾ en in 1953 is dit tot die Senior Spesiale Skool Schoemansdal omskep wat die verstandelik vertraagde kinders in die Pietersburgse en Waterbergse distrikte moes akkommodeer.³⁵⁾ Die Loopspruitskool vir gedragsafwykende kinders is in Januarie 1952 geopen in die geboue van die voormalige Skoolplaas Generaal Pienaar (Klipdrift).³⁶⁾

11.3 Doelstellinge met die skoolplaasstelsel

Daar was gepoog om deur middel van skoolplase die allerbeste onderwysgeleenthede tot die beskikking van plaaskinders te stel.³⁷⁾ Deur middel van al die fasiliteite wat beskikbaar was vir die bestudering van vakke soos Handwerk, Huishoudkunde, Boerderymetodes en Huisverpleging moes die leerlinge se liefde vir

33) Ibid., p.117.

34) Ibid., 31.12.1952, p.22.

35) Ibid., 31.12.1953, p.27.

36) Ibid., 31.12.1952, p.22-3.

37) GREIJBE, J.H. Uitstappie na die skoolplase. Die Christelike Skoolblad, dl. XXXIX, no. 452, November 1937.

die plaaslewe gestimuleer word.³⁸⁾

Skoolplase was nie slegs bedoel vir die opleiding van toekomstige boere nie. Indien 'n seun wel sy belangstelling en liefde vir boerdery by 'n skoolplaas ontdek het, kon hy hom verder vir die boerdery by een van die landbouskole gaan bekwaam. Skoolplase was bestem om aan plaaskinders die geleentheid te bied om minstens die agtste skoolstanderd te slaag. Sodoende kon hierdie skole 'n nuttige bydrae lewer tot die opheffingswerk op die platteland.³⁹⁾ Skoolplase het ook aan die kinders die geleentheid gebied om vakke volgens hulle natuurlike aanleg en belangstelling te kies. Leerlinge kon selfs na die suksesvolle voltooiing van die agtste standerd na 'n hoërskool gaan om te matrikuleer.⁴⁰⁾

Die hoop is ook deur die owerheid gekoester dat die skoolplase die ontvolking van die platteland wat gedurende die dertigerjare onrusbarende afmetings begin aanneem het, sou

38) JOUBERT, G. Die Amsterdamse Skoolplaas. Die Christelike Skoolblad, dl. XL, no. 461, Augustus 1938, p.11.

39) Ibid., p.12.

40) FERREIRA, op. cit. Die Huisgenoot, 1.8.1941, p.29.

teenwerk.⁴¹⁾

11.4 Organisasie van die onderwys

In Augustus 1941 was daar alreeds tien plase aangekoop waarop moderne skoolgeboue, koshuise, voorraadkamers en hospitaaltjies opgerig is. Byna elke skoolplaas het oor sy eie stalle, hoenderhokke, varkhokke, slagpale, groente= tuine en vrugteboorde beskik. Voorts was daar goed toegeruste handwerksentra, laborato= ria, en selfs werksinkels waar die plaasim= plemente gerepareer kon word. Dit was die oogmerk om elke skoolplaas so te organiseer dat 300-400 leerlinge in st. 6-8 'n veelsydige skoolopleiding kon ontvang.⁴²⁾

Sir John E. Adamson het daarop gewys dat daar rekening gehou moes word met die afwisseling van verstandelike en liggaamlike werk. Vol= gens Adamson kon die gesonde sosiale samele= wing, die gunstige omgewing en saamhorigheids= gevoel die plaaskinders net ten goede beïnvloed. Die goed geventileerde slaaplokale, die netjiese waskamers en die sindelike kombuis en eetsaal het 'n veredelende uitwerking op die kinders

41) Verslag van Sir John E. Adamson oor 'n besoek aan vier skoolplase en twee sentrale skole, p.5.

42) FERREIRA, loc. cit.

gehad.⁴³⁾

Die plaas, koshuise en skool het elkeen 'n selfstandige eenheid gevorm en 'n aparte bankrekening moes vir elkeen van die drie afsonderlike afdelings geopen word. Die plaas was egter tot die skool se beskikking vir die onderrig van Landbou as vak. Die koshuise het die plaasprodukte teen vasgestelde pryse gekoop.⁴⁴⁾

11.5 Die kurrikulum

R.S. Ferreira, wat in 1937 aangestel is as Inspekteur van Skoolplase,⁴⁵⁾ het betoog dat die skoolplase die ekwivalent van die junior hoërskole moes wees. By die skoolplase moes die kurrikulum egter breedvoeriger wees, sodat dit aan die plaaskinders die geleentheid van veelsydige ontwikkeling kon bied.⁴⁶⁾

11.5.1 Praktiese werk

Elke afsonderlike skoolplaas se praktiese

43) Verslag van Sir John E. Adamson oor 'n besoek aan vier skoolplase en twee sentrale skole, p.7.

44) VENTER, H.A. Die skoolplaasstelsel in Transvaal, p.13.

45) T.O.D. Verslag, 31.12.1937, p.9.

46) FERREIRA, op. cit. Die Huisgenoot, 25.7.1941, p.29; 67.

werksaamhede is bepaal deur faktore soos die klimaat, gehalte van die grond en die boerde=rybedrywighede van die omgewing.⁴⁷⁾

Die seuns is in groepe of spanne verdeel. Deurdat die spanne periodiek van die een af=deling na die volgende moes verwissel, het elke seun in aanraking met elkeen van die verskillende afdelings op die plaas gekom.⁴⁸⁾

Die dogters het nes die seuns in spanne saam=gewerk om allerlei huishoudkundige takies te verrig.⁴⁹⁾

11.5.2 Teoretiese werk

Omdat die skoolplase nie bedoel was om vak=skole te wees nie, moes die kurrikulum groot=liks ooreenstem met dié van die gewone hoër=skole. Om die leerlinge in staat te stel om na 'n hoërskool oorgeplaas te word na die vol=tooiing van die agtste standerd, kon die sil=labusse van vakke soos die amptelike landstale, Geskiedenis, Aardrykskunde en Rekenkunde ook nie veel van dié van die sekondêre skole verskil

47) Verslag van Sir John E. Adamson oor 'n besoek aan vier skoolplase en twee sentrale skole, p.13.

48) JOUBERT, op. cit. p.13.

49) Loc. cit.

nie. 50)

Aanvanklik moes die standerd agt-leerlinge by skoolplase dieselfde departementele vraestelle beantwoord as die leerlinge aan die gewone sekondêre skole. Die skoolplase kon dus in die praktyk nie afwyk van die voorgeskrewe sillabusse van die Onderwysdepartement nie. In 1948 is die nodige vergunning aan skoolplase verleen om, met die uitsondering van die amptelike landstale, hulle eie vraestelle op te stel. 51)

Landbou was een van die belangrike skoolvakke. Natuurwetenskap moes met praktiese veldwerk geïntegreer word. Die groentetuin moes as leermiddel dien om lesse oor akkerbou, ontkieming van sade, besproeiing en bemesting van grond aan te bied. 52)

Die gewone skoolure en die vakansietye was dieselfde as dié van die ander sekondêre skole. 53) Nadat die gewone skoolure aan die teo=

50) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p.91, par. 308.

51) T.O.D. Verslag, 31.12.1948, p.6.

52) Verslag van Sir John E. Adamson oor 'n besoek aan vier skoolplase en twee sentrale skole, p.13.

53) FERREIRA, op. cit. Die Huisgenoot, 1.8.1941, p.29.

retiese vakke bestee is, moes die kinders smiddae, saans en soggens (voor skool) toe= paslike praktiese werk op die plaas verrig.

11.6 Personeelvoorsiening

Die skoolhoofde moes ten volle toegerus wees om die nodige leiding in beide die akademiese en praktiese werksaamhede op die plaas te gee. Hulle moes oor besondere eienskappe beskik; ondernemingsgees openbaar en goed kon organi= seer. 54)

Die onderwysers moes, benewens vakspesialiste, ware opvoedkundige leiers wees. Omdat hulle vir die grootste deel van die dag met die kinders in aanraking was, moes hulle as navol= gingswaardige voorbeelde dien. Skoolplaas= onderwysers moes lief vir die plaaslewe wees, en ook self bereid wees om plaaswerk te verrig. Die leerlinge moes geleer word dat handarbeid geen skande is nie. 55)

In 1938 is die salarisse van skoolplaasonder= wysers met twee toepaslike kerwe verhoog. Die personeelvoorsieningskaal is ook sodanig ge=

54) Verslag van Sir John E. Adamson oor 'n besoek aan vier skoolplase en twee sentrale skole, p.15.

55) DE JAGER, op. cit., p.11.

wysig dat meer personeellede by skoolplase be= noem kon word. Meer onderwysers was nodig om die verwagte aandag aan al die verskillende vertakkinge van die skoolplaas op die mees doel= treffende manier te verrig.⁵⁶⁾

Om leiding te neem, en toesig te hou oor die praktiese werk, was skoolplase op die dienste van meer mans as dames aangewese. Volgens onderstaande tabel was daar ook 'n groot aan= tal dames aan die skoolplase verbonde. Die dames het waardevolle werk in die primêre af= deling verrig.

Personeelvoorsiening, 1937-1950

Jaar	Aantal skole	Onderwyspersoneel		
		Mans	Dames	Totaal
Des. 1937	6	57	21	78 57)
Des. 1940	9	71	31	102 58)
Des. 1945	9	93	32	125 59)
Des. 1946	10	100	35	135 60)
Des. 1950	10	97	44	141 61)

Tabel LIV

56) T.O.D. Verslag, 31.12.1938, p.19-20.

57) Ibid., 31.12.1937, p.36.

58) Ibid., 31.12.1940, p.37.

59) Ibid., 31.12.1946, p.24.

11.7 Die heterogene skoolbevolking

Alhoewel dit teenstrydig met die doelstellinge van die skoolplaasstelsel was, was daar in die praktyk leerlinge vanaf die grade tot standerd agt,⁶²⁾ wat in ouderdom van ses jaar tot twintig jaar gewissel het.⁶³⁾

Vanuit 'n opvoedkundige oogpunt kan daar beswaar gemaak word teen die plasing van kinders wat so ver in ouderdom van mekaar verskil het in een skool, dog dit was daaraan te wyte dat daar gepoog was om van hierdie skole sowel sentrale as skoolplase te maak. Dit is egter 'n feit dat die jong kindertjies besondere sorg en toesig vereis het. Dit het addisionele verpligtinge op die personeellede, wat alreeds met al die ekstra verpligtinge van hierdie skole belas was, geplaas.

Dit blyk uit onderstaande gegewens dat daar ongeveer net soveel laerskoolleerlinge aan die skoolplase was as leerlinge in standerds ses, sewe en agt.

60) Loc. cit.

61) Ibid., 31.12.1950, p.56.

62) Verslag van Sir John E. Adamson oor 'n besoek aan vier skoolplase en twee sentrale skole, p.9.

63) VENTER, loc. cit.

Gr. I	Gr. 2	St. 1	St. 2	St. 3	St. 4	St. 5	St. 6	St. 7	St. 8	Totaal
133	130	161	150	178	221	266	478	465	346	2 528

Tabel LV

11.8 Beoordeling

Die skoolplaasstelsel was 'n interessante proefneming wat in verband met plattelandse onderwys gestaan het. Op aanbeveling van die Lynch-kommissie is die junior hoërskole en skoolplase in 1951 afgeskaf, en moet alle sekondêre onderwys by sekondêre skole aangebied word.

11.8.1 Voordele van die skoolplaasstelsel

- * Ideale opvoedingsgeleentheid is geskep deurdat die personeel en leerlinge voortdurend in aanraking met mekaar was. Gunstige toestande vir ko-edukasie is geskep omdat die onderwyspersoneel, seuns en dogters as 't ware soos een groot familie saam geëet, gewerk en gespeel het. Dit was dus moontlik om wedersydse aanpassings op 'n heel natuurlike wyse te ontwikkel.⁶⁵⁾

64) T.O.D. Verslag, 31.12.1948, p.51.

65) VENTER, op. cit., p.12.

- * Die koshuisakkommodasie was voortreflik, en goeie mediese dienste is by die hospitaal-tjies gelewer. Die algemene gesondheidstoestand van die kinders, veral in die ongesonde Bosveldse en Laeveldse streke, het merkwaardig verbeter.⁶⁶⁾
- * Plaaskinders het onderwys in 'n omgewing en atmosfeer ontvang waarin hulle tuis was. Die liefde vir die plaaslewe kon bestendig word, en met die simpatieke hulp en leiding van die onderwysers met wie hulle ten nouste saamgeleef het, kon hulle vir die volwasse lewe voorberei word.⁶⁷⁾
- * Deurdat die leerlinge in spanne saamgewerk het, kon daar 'n saamhorigheidsgevoel ontwikkel word. Die nodige geleentheid is gebied vir sosiale opvoeding wat die kinders kon voorberei om bindinge met hulle medemens aan te gaan wat nie op selfsug berus nie. Aan die kinders kon ook geleer word dat handarbeid geen skande is nie, en dat alle werk eerbaar is.⁶⁸⁾
- * Skoolplase het meer vakke as ander sekon-

66) Ibid., p.21-2.

67) FERREIRA, op. cit. Die Huisgenoot, 8.8.1941, p.27.

68) Loc. cit.

dêre onderwysinrigtings aangebied. Die klasse was kleiner en die onderwysfasiliteite was doeltreffend. Goeie aandag is bestee aan buitemuurse aktiwiteite. Skoolplase het oor goeie biblioteke beskik, en daar was gereelde studietye. Plaaskinders kon derhalwe by skoolplase meer veelsydig ontwikkel word as by die klein plaasskooltjies.⁶⁹⁾

11.8.2 Gebreke van die skoolplaasstelsel

- * Dit was onwenslik om kinders benede die sesde standerd in skoolplase op te neem. Die sogenaamde Nicol-kommissie het aanbeveel dat die laerskoolleerlinge in primêre skole geplaas moes word.⁷⁰⁾ Die kleiner kinders sou uit die aard van die saak die gladde verloop van sake vertroebel, omdat hulle baie meer individuele aandag vereis het en moeilik by die groter kinders sou kon aanpas.

- * Die sillabusse van die verskillende vakke het nie aan die doelstellinge en besondere behoeftes van die skoolplase beantwoord nie, trouens dit het weinig van dié van die

69) Loc. cit.

70) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p.90, par. 304.

junior hoërskole verskil. Baie ouers was later teen die skoolplase gekant, omdat dit geen duidelike rigting kon inslaan nie. Skoolplase was in die praktyk nie veel meer as sogenaamde „markeer-die-pas-skole” (waar leerlinge kon vertoef totdat hulle die ouderdomsgrens kon bereik vir vrystelling van verpligte skoolbesoek) nie.⁷¹⁾

- * Te veel klem is op die gesag van die onderwysers gelê, en aan die kinders is min inisiatief oorgelaat. Die onderwysers het vir alle leerlingaktiwiteite, selfs ten opsigte van hulle speletjies, uitgewerkte „resepte” gehad. Die onderwysers het die kinders van soggens vroeg tot saans laat met praktiese plaaswerk, sowel as in die klaskamers, werkswinkels en koshuise, asook op die sportterreine besig gehou. Behalwe dat dit aan die onderwysers hoë fisies en psigiese eise gestel het, is die leerlinge van geleentheid vir vrye tydsbesteding, ontspanning en selfstudie beroof.⁷²⁾

71) T.O.D. Verslag, 31.12.1945, p.80.

72) VENTER, op. cit., p.23-4.